REG MET AFRIKAANS

Die US Woordfees is bevoorreg om vir die eerste keer 'n groep uitgelese regskenners van die Universiteit van Kaapstad se Fakulteit Regsgeleerdheid te verwelkom, wat in Afrikaans kom praat oor regskwessies wat almal raak. Prof. Rochelle le Roux, ook van die Fakulteit van Regsgeleerdheid by UK, stel die opwindende sprekers aan die woord.

Maandag 1 Maart om 13h00 – Konservatoruim: Jannasch-saal
Pierre de Vos, gereelde mediakommentator oor staatregkwessies in Suid-Afrika open die diskoersreeks met die aktuele onderwerp:"Is die grondwetlike regstaat 'n struikelblok op die weg na transformasie?"

Dinsdag 2 Maart om 13h00 – Konservatoruim: Jannasch-saal
Loretta Feris, 'n kenner van Marine- en Omgewingsreg, besin oor:"Nuwe omgewingswette, nuwe besems – hou hulle die omgewing skoon?"

Woensdag 3 Maart om 13h00 – Konservatoruim: Jannasch-saal
Jaco Barnard-Naudé, 'n regsfilosoof bekend ook om sy media besinnings oor die Afrikaanse letterkunde, kies vir sy deelname die onderwerp:"Reg/dig".

Donderdag 4 Maart om 13h00 – Konservatoruim: Jannasch-saal
Meryl du Plessis, 'n kenner op die gebied van werkstres en depressie in die werkplek, kies as onderwerp:"Werkstres – verskoning of beroepsiekte?"

Vrydag 5 Maart om 13h00 – Konservatoruim:Jannasch-saal
Elrena van der Spuy, spesialis in aspekte van polisiëring, bied 'n unieke geleentheid aan om spesifiek na die optrede van S.A. vroue polisielede in vredesmissies in Afrika te kyk. Haar onderwerp:"S.A. Polisievroue as vredesbeamptes in die Soedan".

Saterdag 6 Maart om 10h00 – Ou Hoofgebou: JC de Wet Saal
Hanri Mostert bespreek die kontensieuse en aktuele onderwerp oor "Nasionalisering van minerale hulpbronne" waarop Elmarie van der Spuy (Noordwes-Universiteit) en Tony Ehrenreich (Cosatu) repliek lewer.

Middaguurbesprekings duur 50 minute en Saterdag se bespreking 90 minute. Kaartjies teen R20 by die deur.

Moenie hierdie boeiende en opwindende reeks besprekings deur voorste Suid-Afrikaanse reggeleerdes, aangebied in Afrikaans, misloop nie!

Universiteit van Stellenbosch
Woordfees

Universiteit van Kaapstad · University of Cape Town · iYunivesithi yaseKapa